

# PROKUREURSEKSAMEN

## DEEL 2 BOEDELS

19 OKTOBER 2021

14:00-16:15

Totaal: [100]

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.***

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal, sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druij dus hierdie eksamen.

Owen Mabuza het intestaat gesterf op die 1ste Januarie 2021 en word oorleef deur sy vrou Amanda met wie hy getroud was buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling. Hy word ook oorleef deur sy volwasse seun John en sy volwasse dogter Shirley. Shirley is sewe (7) maande swanger.

Sy seun John, wat nie geregistreer is vir BTW nie, was aangestel as eksekuteur van Owen se boedel en John het die volgende as eksekuteur vasgestel:

1. 'n Plaas Dinku waarop daar ter goedere trou 'n boerdery bedryf word, is deur 'n waardeerder gewaardeer teen R1 500 000.00.
2. 'n Betaling op die lewensversekeringspolis A tot die bedrag van R920 000.00 word gemaak aan die eksekuteur, nadat die versekeringsmaatskappy 'n lening teen die lewensversekeringspolis ten bedrae van R35 000.00 afgetrek het.
3. 'n Versekeringspolis B op die lewe van Amanda. Owen het die premies op die polis betaal plus 6% rente wat op die datum van sy dood R16 000.00 beloop het. Die eksekuteur het besluit om nie hierdie polis te seeder nie waarin die afloswaarde R230 000.00 is, en die waarde van lewensdekking op Amanda se lewe vasgestel is op R600 000.00.
4. Die opbrengs op die lewensversekeringspolis C op die oorledene se lewe tot die bedrag van R320 000.00. Die polis was uitgeneem gewees deur die oorledene se dogter Shirley. Hierdie premies plus 6% rente was deur die dogter betaal en het R20 000.00 beloop tot en met die dag van die oorledene se afsterwe. Hierdie opbrengs was uitbetaal aan Shirley.
5. Die opbrengs op die lewensversekeringspolis D op die oorledene se lewe tot die bedrag van R690 000.00. Die polis was uitgeneem deur die oorledene self. Hy het al die premies plus 6% rente tot die bedrag van R29 000.00 tot en met sy dood self betaal. Die opbrengs word ingebring deur die eksekuteur.
6. 'n Motorvoertuig verkoop ten bedrae van R258 000.00.
7. 'n Bedrag van R600 000.00 in terme van 'n vaste belegging by P-Bank wat ontdek is. Ingesluit by hierdie bedrag van R600 000.00 is die rente verdien tot die bedrag van R40 000.00 soos op die 1ste Januarie 2021, asook die rentebedrag vanaf die 2de Januarie 2021 ten bedrae van R10 000.00 soos op die datum van hierdie Likwidasië en Distribusie Rekening.
8. 1 900 nominale aandele in Skaap Bpk, 'n maatskappy gelys met die Johannesburgse Aandelebeurs. Hierdie aandele word verkoop deur die aandelemakelaar gedurende die verloop van 'n likwidasië teen R30.00 per aandeel. Die aandelemakelaar se kommissie is 5% van die verkoopprys.
9. Owen was 'n lid van sy werkgewer se pensioenfonds wat voorsiening maak vir 'n lompsum (enkelbedrag) van R750 000.00 betaalbaar aan Amanda op die dood van Owen.
10. 300 Aandele teen R2.50 per aandeel in Meat (Edms) Bpk, gewaardeer deur 'n ouditeur teen R1 500.00 per aandeel (soos goedgekeur deur die Hoofinkomsteinspekteur) soos op die dag van die afsterwe van Owen en verkoop gedurende die verloop van 'n likwidasië teen 'n wins van R30 000.00.

11. 'n Oortrokke fasiliteit met N-Bank ten bedrae van R40 000.00 wat versekeringsdekking geniet het met Sanlam en wat aan die Bank gesedeer was deur middel van 'n sekuriteit-sessie. Die versekeringspolis verleen lewensdekking op Owen se lewe tot die bedrag van R40 000.00.

Die totale laste betrek die volgende: Administrasiekoste en eise teen die boedel tot die totale bedrag van R300 000.00.

Daar word ooreengestem in 'n Redistribusie Ooreenkoms dat die plaas Dinku toegeken word aan die oorledene se vrou, Amanda Mabuza.

Stel 'n volledige 'Likwidasie en Distribusie Rekening' op vir die boedel van die afgesterwe Owen Mabuza om geliasseer te word met die Meester van die Hoë Hof. Spesifiseer die nodige uitgawes. Gebruik u eie inligting waar nodig.

## **VRAAG 2**

**[11]**

Jairos Mnisi sterf intestaat en word oorleef deur sy drie vrouens Selina, Mpho, en Olga met wie hy getroud was in terme van gewoontereg, buite gemeenskap van goedere en sonder die aanwasbedeling. Jairos word oorleef deur die volgende persone:

- 2.1 sy seun Jacob uit sy huwelik met Selina, wie daarop aandring dat as die oudste seun van die oorledene, hy geregtig is in terme van die gewoontereg op die hele boedel van sy vader;
- 2.2 Ronald en Adam, die twee volwasse seuns van die oorledene se dogter Fikile wie voor die oorledene gesterf het;
- 2.3 sy werklose dogter Susan, wie een maand na haar vader gesterf het. Susan was getroud buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling en word oorleef deur haar man Peter en hulle twee minderjarige kinders, Rose en Mary;
- 2.4 sy vyftien-jarige seun Elliot uit sy huwelik met Olga, wat begerig is om sy erfreg op te gee tot voordeel van sy moeder;
- 2.5 sy ouers Thomas en Sophie, wie vir al sy begrafnis onkoste betaal het en wie ook daarop aandring dat hulle geregtig is op die boedel van hulle seun Jairos.

Sy netto boedel beloop R1 743 000.00 (Een Miljoen Sewe Honderd Drie en Veertig Duisend Rand) in kontant.

Adviseer die Mnisi familie ten opsigte van wie Jairos se erfgename is en watter bedrag elkeen sal erf. (Verduidelik waar nodig.)

## **VRAAG 3**

**[8]**

Susan het selfmoord gepleeg op die 2de Februarie 2021. Sy het 'n een-bladsy brief agter gelaat waarin sy alle vorige testamente herroep het, en waarin sy in hierdie brief al haar besittings bemaak het aan haar twee kinders van haar eerste huwelik, Steven en Mathilda. Hierdie brief was slegs onderteken gewees deur Susan aan die einde daarvan. Dit wil voorkom asof sy 'n wettige testament opgestel het in 2019, waar sy al haar besittings bemaak het aan haar vorige man en niks aan haar kinders nie.

- 3.1 Adviseer Steven en Mathilda of die bogenoemde brief wel 'n wettige testament daarstel. (1)
- 3.2 Steven en Mathilda wil ook weet of hulle sal kan erf van hulle afgesterwe moeder se boedel en watter aksies, indien enige, beskikbaar is vir hulle. (7)

**VRAAG 4** **[8]**

---

- 4.1 Wat bepaal watter Meester van die Hoë Hof jurisdiksie het om 'n boedel te administreer? (2)
- 4.2 Onder watter omstandighede kan jurisdiksie nie oorgeplaas word of aangeneem word deur 'n ander Meester van die Hoë Hof nie? (1)
- 4.3 Wanneer 'n Korporasie genomineer word in 'n testament as 'n eksekuteur, aan wie moet die aanstellingsbrief deur die Meester uitgereik word? Motiveer u antwoord. (3)
- 4.4 Onder watter omstandighede kan 'n Boedel Verteenwoordiger in terme van Artikel 18(3) aangestel word deur die Meester? (1)
- 4.5 Onder watter omstandighede moet die eksekuteur 'n bankrekening vir die afgestorwe boedel oopmaak? (1)

**VRAAG 5** **[6]**

---

Joseph het 'n testament opgestel gedurende 2018 op die ouderdom van ses-en- vyftig jaar (56), waarin hy sy hele boedel bemaak het aan sy twee (2) dogters, Dolly wat toe vyftien (15) jaar oud was en Betty wat toe sewentien (17) jaar oud was. Hy het sy seun James, wat op daardie stadium agtien (18) jaar oud was, aangestel as die eksekuteur van sy boedel. Dolly en James het as getuies geteken op Joseph se bovermelde testament. Joseph het gesterf op die 17de Julie 2021.

Adviseer ten opsigte van die kapasiteit van Joseph se kinders om enige voordeel te kan trek of om te kan erf onder die bovermelde testament.

---

**- DIE EINDE -**

---